| Centre Number | Candidate Number | Name |
|---|---|---|
| | | |

www.PapaCambridge.com

CAMBRIDGE INTERNATIONAL EXAMINATIONS
International General Certificate of Secondary Education

**AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE** **0548/01**
Paper 1 Reading and Writing **SPECIMEN**

# [REVISED SYLLABUS from 2007]

**2 hours**

Candidates answer on the Question Paper.
No Additional Materials are required.

**READ THESE INSTRUCTIONS FIRST**

Write your Centre number, candidate number and name on all the work you hand in.
Write in dark blue or black pen in the spaces provided on the Question Paper.
Do not use staples, paper clips, highlighters, glue or correction fluid.

Answer **all** questions.
The number of marks is given in brackets [ ] at the end of each exercise or part question.
At the end of the examination, fasten all your work securely together.
Dictionaries are **not** allowed.

# SPECIMEN PAPER

# VOORBEELDVRAESTEL

If you have been given a label, look at the details. If any are incorrect or missing, please fill in your correct details in the space given at the top of this page.

Stick your personal label here, if provided.

| FOR EXAMINER'S USE | |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |

This document consists of **14** printed pages and **1** blank page.

© CIE 2006

UNIVERSITY of CAMBRIDGE
Local Examinations Syndicate

www.PapaCambridge.com

**Oefening 1**

Lees die volgende advertensie oor interessante vakansies en beantwoord dan die vrae op die volgende bladsy.

# Wegbreek-vakansies

**Indië en Nepal**

***Elf nagte in Indië en Nepal vanaf R15 000 per persoon***

As jy aan Indië dink, dink jy aan duisende en duisende mense wat soos bedrywige miere rondloop. Indië se strate is dan ook vol besige vlooimarkte, oorvol winkeltjies en kleurryke stalletjies met interessante goeters wat jou asem sal wegslaan.

Deel van die reisprogram is 'n besoek aan die manjifieke Taj Mahal langs die Yamuna-rivier, 'n rit op die rug van 'n olifant na 'n fort en 'n besoek aan 'n verlate stad wat uit verskeie monumente en tempels bestaan. Jy sal ook verstom staan voor tempels met ingewikkelde Indiese beeldhouwerke.

Minder bekend dalk is die pragtige kusgebied van dié land en sy majestueuse berge. Of jy kan die argitektuur uit die sestiende en sewentiende eeu geniet.

'n Besoek aan die Katmandoe-vallei in Nepal neem jou na kleurryke stede. Hier sal jy jou verwonder aan 'n indrukwekkende Boeddhistiese stoepa (tempel) en wonderlike handwerk in die strate.

- Die prys per persoon wat deel, sluit 'n retoervlugkaartjie, vierster-verblyf, ontbyt en aandete in.

**Rusland**

***Sewe nagte in Rusland vanaf R13 000 per persoon***

Verken Rusland op 'n rivierboot met 'n glasie vodka in die hand!

Jy vaar op die riviere wat Moskou en St Petersburg verbind en besoek onvergeetlike toeriste-attraksies, onder meer die Rooiplein en die Kremlin in Moskou.

Die land het baie interessante stede en jy sal dorpe met 'n ryk geskiedenis soos Oeglitsj te sien kry.

- Die prys per persoon wat deel, sluit jou retoervlugkaartjie, rivierbootvaart en alle maaltye in.

**Egipte**

***Ses nagte in Egipte vanaf R9 500 per persoon***

Die beroemde piramides, antieke grafkelders, betowerende oudhede en natuurlik die Nylrivier is maar net 'n paar van die baie onvergeetlike toeristebestemmings wat Egipte jou bied. Stap deur Kaïro se strate met 'n geurige sjwarma om aan te smul en gaan loer dan beslis in by die Egiptiese Museum.

Die tweede helfte van die vakansie bring jy op 'n boot op die Nyl deur. Jy sal onder meer verby Luxor en Aswan vaar.

- Die pakket is per persoon wat deel en sluit jou retoervlugkaartjie, drie nagte in Kaïro, drie nagte op 'n boot en maaltye in.

www.PapaCambridge.com

**(a)** Watter toer duur die langste?

........................................................................................................................ [1]

**(b)** Waarom is die tempels in Indië so spesiaal?

........................................................................................................................ [1]

**(c)** Op watter toer sal jy sommige van jou maaltye self moet koop?

........................................................................................................................ [1]

**(d)** Waarom kan 'n besoek aan 'n fort in Indië 'n spesiale ervaring wees?

........................................................................................................................ [1]

**(e)** Voltooi: 'n "Stoepa" is 'n Boeddhistiese ...

........................................................................................................................ [1]

**(f)** In watter twee lande sal jy tyd op 'n boot deurbring?

........................................................................................................................ [2]

**(g)** Hoeveel nagte sal jy in Kaïro in Egipte deurbring?

........................................................................................................................ [1]

[Totaal: 8]

www.PapaCambridge.com

**Oefening 2**

Sam Roberts is 16 en is 'n leerder aan Hoërskool De Hoop in Kommetjie net buite Kaapstad. Die skool se telefoonnommer is 783-1945 (en die kode vir Kommetjie is 021), die straatadres is Teubesweg 23, Kommetjie, 7975 en die e-posadres is dehoop@schools.org.za. In 'n noodgeval na ure en oor naweke kan mevrou Du Toit, die skool se sekretaresse, by 783-1936 geskakel word.

Sam se skool het onlangs 'n wonderlike prys in 'n kompetisie gewen. Die prys is dat twintig leerders (en ook twee onderwysers) 'n spesiale Kultuurkursus op Robbeneiland kan bywoon – heeltemal gratis. Hulle sal tydens hul besoek by die Kultuursentrum bly.

Sam is een van twintig leerders – tien meisies en tien seuns – wat die kursus sal bywoon. Twee onderwysers, me. Visagie en mnr. Jacobs, sal hulle vergesel. Die leerders sal twee-twee in kamers bly, met meisies en seuns in afsonderlike blokke. Die kursus duur vier dae, van Saterdag, 10 Desember tot Dinsdag, 13 Desember. Omdat die kursus vroeg die Saterdagoggend begin, vertrek die groep reeds die Vrydagmiddag na Robbeneiland. Die veerboot waarmee hulle gaan, vertrek om 16:00 op Vrydag, 9 Desember.

Die daaglikse program vir die kursus begin om 8.15 elke oggend en duur tot 4.00. Vanaf 12.45 tot 2.00 is daar tyd vir middagete. Na 4.00 is daar ontspanningsaktiwiteite vir een uur en studietyd vir 'n uur en 'n half voor aandete.

By die sentrum is daar fasiliteite vir ontspanning. In Sam se groep stel die meeste leerders belang in teken en skilder, en in tafeltennis en toneelopvoerings; die res geniet dit om te swem of te gaan stap. By die sentrum is daar 'n swembad (wat net Saterdae en Sondae oop is).

Op een van die dae sal die groep 'n historiese toer van Robbeneiland onderneem en sal hulle kos vir middagete moet saamneem. Agt van die leerders in die groep is streng vegetariërs en twee is allergies vir koring.

Die leerders in Sam se groep praat verskillende huistale, onder andere Engels, Mandaryns, Urdu, Xhosa en Zoeloe. Hulle praat egter Afrikaans met mekaar en met hul onderwysers. Hulle studeer ook almal IGCSE-Afrikaans.

Die organiseerders van die kursus het die volgende vorm gestuur om ingevul te word sodat alles glad kan verloop. Sam is gevra om die vorm in te vul.

**Verbeel jou jy is Sam en vul die vorm op die volgende bladsy namens jul skoolgroep in.**

www.PapaCambridge.com

For Examiner's Use

## ROBBENEILAND-KULTUURSENTRUM – INLIGTINGSBLAD

Vul asseblief die hele vorm in.

**Afdeling A** (Gebruik drukskrif, asseblief.)

Naam van persoon wat hierdie vorm invul: .............................. ............................................................

Naam van organisasie: ...............................................................................................................

Posadres: .......................................................................................................................................

Telefoonnommer na ure (in 'n noodgeval): 021 783-1936 .......................................................

Duur van verblyf (gee datums): ...................................................................................................

Verblyf nodig vir leerders: kamers vir meisies: 10 ; kamers vir seuns: 10

Verblyf nodig vir volwassenes: vroulik: 1 .....................; manlik: 1 ..................

**Afdeling B**

*Om ons te help om julle ontspanningstyd te beplan:*

Maak regmerkies by **drie** aktiwiteite by die Sentrum wat die geskikste vir julle groep is:

Kuns □ . Basketbal □ Dans □ Drama □ Pottebakkerswerk □ Swem □ Stap □

Stel nog een aktiwiteit voor wat nie hierbo verskyn nie:

.......................................................................................................................................................

Watter taal moet die toergids tydens julle verblyf op Robbeneiland gebruik?

Afrikaans □ Duits □ Engels □ Frans □ Spaans □ Ander (noem asb.) ......................

**Afdeling C**

*Om ons kombuispersoneel te help:*

Omkring hoe laat die groep aandete sal wil geniet:

Aandete: 17.45 18.45

Noem twee spesiale versoeke in verband met kos: ..................................................................

.......................................................................................................................................................

.......................................................................................................................................................

[Totaal: 9]

www.PapaCambridge.com

**Oefening 3**

Lees hierdie artikel oor dans en voltooi dan die aantekeninge op die volgende bladsy.

## Dans vertel 'n storie

Wat het samba, wals, polka, ballet, langarm en selfs die haka en toyi-toyi met mekaar te doen? Dit is almal maniere van dans. Oud en jonk dans in alle kulture. Jy kan dans om te ontspan of om 'n boodskap oor te dra.

Dans is 'n manier waarop 'n mens jouself uitdruk. Om dit te kan doen, gebruik jy ritmiese liggaamsbewegings wat gewoonlik met musiek of ritmiese klanke saamgaan.

Elke kultuur het sy danse. Dit word uitgevoer by verskillende geleenthede soos seremonies, sosiale en politieke gebeurtenisse. Mense dans ook om verskillende redes. Dit kan 'n kunsvorm, 'n ritueel of sommer net ontspanning wees. 'n Mens kan amper sê dans is die huwelik van beweging en musiek (of ritme). Anders as die bewegings wanneer ons werk of sport beoefen, is dansbewegings genotvol, opwindend en gewoonlik ook interessant om na te kyk.

Dans is waarskynlik een van die oudste vorme van kommunikasie en ontspanning is. Navorsers wat oervolke bestudeer het, kan bewys dat mense al van prehistoriese tye af dans. Eers het mense self die ritmes en klanke vir hul danse verskaf. Later het hulle eenvoudige instrumente begin gebruik, soos tromme. Die mens het ook geleer om melodieë daarby te voeg – natuurlike klanke soos voëls se gefluit is baiekeer gebruik. Die belangrikste kenmerk van dans was en is vandag nog ritme.

Oerdanse (die vroegste danse) het dikwels alledaagse dinge voorgestel. Voorbeelde van dansbewegings is om oor die maag te vryf – 'n aanduiding van honger wees – of om af te buk, wat 'n teken van respek is. Ander bewegings, soos om op en af te spring, dui op opgewondenheid. Gebalde vuiste beeld woede uit, wat dikwels in oerdanse gebruik is.

Danse is lank gelede nie vir vermaak geïdentifiseer soos vandag nie. Een van die groot redes waarom oermense gedans het, is dat mense nog nie kon lees en skryf nie – danse is gebruik om tradisies van die groep aan kinders oor te dra.

In ou godsdienste het mense religieuse danse gebruik om die gode te vra vir reën, om siektes gesond te maak of om die vrugbaarheid van 'n stuk grond, mense of diere te verseker. Maskers is baiekeer in van die danse gebruik om dit nog treffender te maak.

Volksdanse is eie aan 'n sekere volk of etniese groep en word deur tradisie oorgedra. In een kultuur glo die meisies wat aan die tradisionele volksdans deelneem dat die danstradisie vir hulle elkeen 'n verloofde sal bring. In 'n ander kultuur kom honderde jong ongetroude vroue weer elke jaar bymekaar vir die rietdansfees. Die rietdans word uitgevoer om die reinheid en skoonheid van die vroue te wys.

Ja, dans bly sentraal in baie kulture en mense sal altyd 'n rede vind om te dans.

www.PapaCambridge.com

Jy gaan 'n kort praatjie oor dans in die klas lewer. Maak **drie** kort aantekeninge onder elk waarop jy jou praatjie kan baseer. Die eerste aantekening is vir jou gemaak.

**DANS**

**(a)** Redes waarom mense deesdae dans:

- *om te ontspan*
- ..........................................................................................................................
- ..........................................................................................................................

**(b)** Hoe verskil dans van ander bewegings?

- ..........................................................................................................................
- ..........................................................................................................................
- ..........................................................................................................................

**(c)** Drie moontlike gebruike van oerdanse:

- ..........................................................................................................................
- ..........................................................................................................................
- ..........................................................................................................................

[Totaal: 8]

BLANK PAGE

www.PapaCambridge.com

www.PapaCambridge.com

**Oefening 4**

Gebruik die teks oor dans op bladsy 6 en skryf 'n opsomming van die **ooreenkomste en verskille** tussen oerdanse en moderne danse. Jy kan sommige van jou aantekeninge uit Oefening 3 in hierdie opsomming gebruik.

**Jou opsomming moet een paragraaf lank wees en nie meer as 80 woorde nie.**

Gebruik jou eie woorde sover moontlik.

[Totaal: 5]

www.PapaCambridge.com

**Oefening 5**

**KOMPETISIE**

**JONG SKRYWERS**

Ons wil hê jy moet ons vertel van 'n persoon wat 'n rolmodel in jou lewe is.

Dit kan iemand wees wat jy ken of iemand van wie jy gelees of gehoor het.

Uitstekende pryse om te wen!

Ouderdomsgroep: 15 tot 19

Vir meer inligting besoek: www.rolmodel.com

Jy het pas die advertensie vir hierdie kompetisie gelees en jy besluit om in te skryf.

Skryf 'n opstel vir hierdie kompetisie.

Jou opstel moet omtrent 150 tot 200 woorde lank wees.

Onthou om die volgende te noem:

- Wie is die persoon?
- Waarom is die persoon spesiaal?
- Watter invloed het die persoon op jou lewe?

Jy sal tot 8 punte vir die inhoud van jou opstel en tot 7 punte vir die styl en akkuraatheid van jou taalgebruik ontvang.

For Examiner's Use

www.PapaCambridge.com

[15]

www.PapaCambridge.com

**Oefening 6**

Die volgende koerantberig handel oor Judy Lottering, wat 'n belangrike rol in haar gemeenskap
Lees dit aandagtig en beantwoord dan die vrae op die volgende bladsy sover moontlik in jou eie woorde.

## Mama bou self huise!

Drie jaar gelede het Judy Lottering na haar hart begin luister. Sy en drie ander vroue het die Mama's Feeding Scheme begin. "Ons het besluit iets moet gedoen word aan al die honger kinders. Armoede, vigs en tuberkulose is gróót vyande hier tussen ons mense. Toe dink ek: Laat die mama's die verskil maak."

Sopbene en groente is gebedel by die plaaslike winkels, die vroue het hul potte uitgehaal en liters en liters sop begin kook vir ses plaaslike laer skole. 'n Ruk daarna hoor Judy van al die ou mense wat Maandae nie kos het nie, want hul pensioene word naweke opgebruik deur die kinders. Dit was die begin van Mama's & Papa's Seniors & Disabled Club. Drie keer 'n week kry die bejaardes nou 'n warm ete by die Lotusrivier-sentrum. Tussendeur het Judy gereeld by die stadsraad gaan mooipraat om gesinne wat hul huise verloor het, weer te laat terugtrek na hul huise. Sy het bejaardes en siekes gehelp om hul pensioenvorms reg in te vul. Sy het honderde kindertoelaevorms gereed gekry. Selfs bendes soos die Born Free's het opsy gestaan as Mama kom help.

Haar grootste droom was nog altyd goeie huise vir jong gesinne. "As geskeide vrou moes ek self my kinders grootmaak. My man het niks gehelp nie, en ek het hom ook nie gevra vir onderhoud nie. Ek sê nog altyd: Wat 'n man kan doen, kan 'n vrou beter doen."

In 1999 het Judy met die departement van behuising onderhandel om 'n stuk oop grond toe te ken aan 370 gesinne. Op dié bouterrein is daar 'n klomp vroue in beheer. Ná kursusse in bou- en messelwerk, is die span goed aan die gang. Judy se dogter hou toesig oor die bouery. Simone Patience is die pakhuisbestuurder. Faheema Sabera is Judy se administratiewe regterhand. Vyf van die arbeiders op die bouterrein is vroue. "Hulle wys die 23 mans alte mooi hoe glád 'n mens 'n muur kan pleister," vertel Judy trots. "Ons moedig vroue aan om in die boubedryf te werk. Ons vroue kan mos mooi vooruit beplan!"

Twee van die manne op die terrein is vigslyers. "Hulle's een dag gesond, die volgende dag siek, maar ons vroue sorg dat daar genoeg kos is om hulle sterk te hou."

Met haar nuwe behuisingsmaatskappy het sy nóg groter behuisingsdrome, sê Judy. "Ek voel tevrede, want ek betrek veral jong mans en vroue in dié projek. Ons kon ook goedkoper boumateriaal kry. "Ek is trots op hierdie huise. Hulle's lekker groot. Bakstene pleks van die gewone sementblokke. Die hoofslaapkamer het selfs 'n en suite-badkamer. 'n Huis kos net R74 000. Ons kry 'n deel van die regering en die eienaars betaal die res oor agt jaar. Dis 'n afbetaling van net R500 'n maand.

"Die huis mag nie weer verkoop word nie. Geen sjebiens word toegelaat nie – Mama soek nie sulke narighede nie! Ons gebied moet skoongemaak word. Dis 'n goeie gevoel om jong gesinne te sien intrek in hul eie plekke. Die kindertjies kan hier grootword in standvastigheid. Hulle gaan tuin maak in hul eie jaart."

www.PapaCambridge.com

**(a)** Wat was die doel van Judy se die eerste projek?

........................................................................................................................................ [

**(b)** Noem een siekte wat 'n groot probleem in Judy se gemeenskap is.

........................................................................................................................................ [1]

**(c)** Het Judy en haar drie helpers baie geld uitgegee om Mama's Feeding Scheme aan die gang te kry? Verduidelik jou antwoord.

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................ [2]

**(d)** Waarom het baie ou mense op 'n Maandag nie kos nie?

........................................................................................................................................ [1]

**(e)** Watter rol speel vroue in Judy se bouprojek?

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................ [2]

**(f)** Hoe voel Judy oor haar nuwe bouprojek? Verduidelik jou antwoord.

........................................................................................................................................

........................................................................................................................................ [2]

**(g)** Hoe verbeter Judy kinders se lewens met die huise wat sy jong gesinne help verkry?

........................................................................................................................................ [1]

[Totaal: 10]

www.PapaCambridge.com

**Oefening 7**

Jou skool oorweeg dit om elke dag 'n verpligte periode vir sport of liggaamsoefeninge vir alma stel. Dit sal beteken dat die skool elke dag 'n uur later uitkom.

Hier is die menings van 'n paar leerders in jou klas:

*"Dis 'n uitstekende idee! Dan hoef ek nie meer so baie gim toe te gaan nie!"*

*"Ek haat sport. Veral by die skool."*

*"Ek dink dis nogal 'n goeie plan. Ons sal almal gesonder wees. Daar moet net 'n goeie keuse wees."*

*"Dis 'n slegte idee. Ek sal liewer die tyd gebruik om huiswerk te doen."*

Skryf 'n berig vir die skoolkoerant waarin jy jou mening oor die saak gee. Kies 'n goeie opskrif vir jou berig.

Jou berig moet ongeveer 150 tot 200 woorde lank wees.

Jy kan van die idees hierbo gebruik, maar moet ook jou eie idees byvoeg. Dit is belangrik dat jy redes vir jou mening gee.

Jy sal tot 8 punte vir die inhoud van jou berig en tot 7 punte vir die styl en akkuraatheid van jou taalgebruik ontvang.

www.PapaCambridge.com

For Examiner's Use

[15]